# Mosambiek-rebelle se suksesse

DIE Mosambiekse weerstandsbeweging, Resistência Nacional Mocambicana, is nou besig om 'n beslissende fase binne te gaan wat Mosambiek se toekoms kan bepaal en sommige Westerse lande wat Samora Machel se regering tot dusver gesteun het onverwags kan betrap.

Só lui 'n verslag in Bulletin, publikasie van die Afrika-Instituut, wat deur dr. André Thomashausen van Unisa geskryf is.

Ons plaas hier enkele uittreksels.

Volgens prof. Thomashausen het die gevegte tussen regeringstroepe en die rebelle sedert November 1982 begin toeneem. Die land se telekommunikasiestelsel is ontwrig en 'n noodtoestand in feitlik die hele land afgekondig.

Op 9 Desember 1982 is die brandstofopslagplek in Beira vernietig.

Die pyplyn na Zimbabwe is hieruit voorsien. Op 3 Januarie het die rebelle ook 'n konvooi van agt leërvragmotors by Manhica vernietig. Dit is slegs 60 km van Maputo af.


'n Joernalis is verder ook die eerste keer toegelaat om 'n uitgebreide besoek aan die gebiede te bring wat deur die rebelle beheer word.

Machel het uit pure desperaatheid op 8 Januarie vanjaar die lidlande van die Veiligheidsraad wat diplomatieke verteenwoordiging in Maputo het, gevra om hom teen die rebelle te help, skryf prof. Thomashausen verder.

Hy wys ook daarop dat die regering teen middel verlede jaar 'n aanslag teen Maputo self verwag het. Gewere is inderhaas versprei en identiteitskaarte ingestel.

Die rebelle het egter nie die taktiek gevolg nie, maar die oorlog op die platteland verskerp. Die spoorlyne tussen Beira en Mutare en tussen Beira en Malawi is plek-plek gesaboteer.

Hierbenewens het die rebelle ook daarin geslaag om 'n behoorlike vastrapplek in die Limpoporivier-vallei te kry — 'n tradisionele vesting in Frelimo. Al meer buitelandse ingenieurs en raadgewers is ook gevang en as gyselaars aangehou.




In Oktober 1982 is 'n trein op pad na Zimbabwe gesaboteer, 'n pompstasie aan die pyplyn is opgeblaas en sewe Portugese tegnici wat die pompstasie beheer het, is gevange geneem.

Dan het die rebelle ook in 'n skietgeveg van drie uur betrokke geraak met regeringstroepe om beheer van Milange aan die grens van Malawi.

Die Vaderland
31/3/83 p. 19